INSIG | SAOU | INSIGHT

PROFESSIONELE ONTWIKKELING

PROFESSIONAL DEVELOPMENT

Insig 8 Insight 8
2017/05/22

IMPLEMENTERING VAN PROGRESSIE EN PROMOSIE

KRITERIA VIR PROGRESSIE IN GRADE 10-12

Na aanleiding van verskeie navrae in hierdie verband, asook vanweë klagtes van skole in sekere provinsies dat die beleid nie deur van die provinsiale onderwysdepartemente (en soms dat 'n bepaalde distrik sy eie reëling tref) korrek toegepas word nie, is besluit om hierdie saak weer te belig.

Daar is steeds provinsies wat beweer dat ouers die laaste sê het in terme van die progressie of terughou van leerders. Dit is allermins waar.

Die kriteria vir die oorweging van progressie is soos volg:

- Die leerder het reeds Graad 10 of 11 herhaal en slaag weer nie daarin om aan die minimum promosievereistes te voldoen nie;
- Die leerder moet die taal van leer en onderrig ("LOLT") slaag; Lewensoriëntering, asook 3 van die 7 vakke deur die leerder aangebied;
- Gereelde skoolbywoning. Afwesigheid van meer as 20 dae sonder 'n geldige rede sal die leerder diskwalifiseer vir progressie;
- Die leerder moes voldoen het aan die minimum voorgeskrewe skoolgebaseerde assesserings (SBAs) vir al die vakke ingeslote die wat gedruip word.

Om toegang tot die volledige beleid te bekom, kliek hier. Let ook op die opsie dat leerders wat by wyse van progressie na Graad 12 oorgeplaas word, kwalifiseer om die NSS in twee sittings af te lê.

Ander relevante dokumente in hierdie verband sluit in; Guideline for the implementation of Promotion and Progression for Grades 10-12 (2015) kliek hier; Criteria for the Implementation of Progression in Grades 10-12, kliek hier.

PROMOSIE IN DIE SENIOR FASE

Die omsendskrywe van die Departement van Basiese Onderwys (National Assessment Curcular No 3 of 2015 - kliek hier om toegang te bekom) is steeds van krag. In die skrywe word breedvoerig verduidelik op watter wyse punte aangepas moet word in November 2017.

U word ook aan omsendskrywe (National Assessment Circular No 3 of 2016 – kliek hier) herinner. Volgens hierdie omsendskrywe het kondonering gedurende 2016 plaasgevind indien leerders nie die promosie standaard vir Wiskunde bereik het nie.

Hierdie skrywe was egter slegs geldig vir 2016. Intussen word die promosievereistes vir die Senior Fase hersien. Die hersiene vereistes mag moontlik nie betyds wees vir implementering in 2017 nie. Daarom word verwag dat die Departement 'n soortgelyke skrywe kan publiseer in 2017 (vir die kondonering van Wiskunde).

Vir enige verdere toeligting of navrae kontak Wessel Viljoen: wesselv@saou.co.za / 012 436 0900

Sien ook Hoofstuk 4.3 in die Handleiding vir Skoolbesture (MSM)

IMPLEMENTATION OF PROGRESSION AND PROMOTION

CRITERIA FOR PROGRESSION IN GRADES 10-12

In response to numerous enquiries in this regard, as well as complaints from schools that the policy is not correctly applied in certain provinces (in certain cases even districts make their own determinations), it was decided to provide the relevant information anew.

There are still provinces which claim that parents have the final say in terms of the progression or retention of learners. This is simply not true.

The criteria to consider for promotion are as follows:

- The learner has already repeated Grade 10 or 11 and once again does not comply with the minimum promotion requirements;
- The learner must pass the Language of Learning and Teaching (LOLT); Life Orientation as well as 3 of the 7 subjects;
- Regular school attendance: Absence for more than 20 days without a valid reason will disqualify the learner;
- The learner must meet the SBA requirements in all subjects, including those that he/she failed.

To access the policy, click here. Note the option that learners who have been progressed to Grade 12, qualify for multiple NSC sittings.

Other documents in this regard include: Guideline for the implementation of Promotion and Progression for Grades 10-12 (2015), click here; and Criteria for the Implementation of Progression in Grades 10-12, click here.

PROMOTION IN THE SENIOR PHASE

The Circular of the Department of Basic Education (National Assessment Circular No 3 or 2015 - click here to view the Circular) still applies. It explains in detail how marks may be adjusted during November 2017.

You are also reminded of National Assessment Circular No. 3 of 2016 (click here). In terms of this circular, learners' marks (those who do not comply with the promotion standard for Mathematics) were condoned during 2016.

However, this circular was only valid for 2016. It has been noted that the promotion requirements for the Senior Phase are being reviewed by the DBE, but it may not be ready for implementation during 2017. Therefore, it is expected that the Department may publish a similar Circular for 2017 (for the condonation of Mathematics).

For any further information or enquiries, please contact Wessel Viljoen: wesselv@saou.co.za / 012 436 0900

See also Chapter 4.3 in the Manual for School Management (MSM)